WEEK 35 | 11 SEPTEMBER | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR



>>> BLADSY 2

**Praktiseer as prokureur**

Na vyf jaar se studies, twee jaar as klerk en vier toelatings-eksamens kan sy as prokureur by die hooggeregshof verskyn.

>>> BLADSY 4

**Philip Spies oorlede**

Na 'n kort siekbed is Philip op sy 48ste verjaarsdag oorlede in die Hoogland Medi-Clinic hospitaal.


>>> BLADSY 8

**Nuwe rolbalseisoen**

Met die lekker, warm lenteweer is die baan reeds in 'n mooi toestand en word daar uitgesien na 'n genotvolle nuwe rolbalseisoen.

## VRYSTAATSE PLAASAANVALLE

Vanaf April tot Augustus 2020 was daar 'n totaal van 27 plaasaanvalle, wat 3 moorde insluit, in die Vrystaat. Die VL skryf dat in samewerking met die polisie daar 10 plaasaanvalle voorkom is as gevolg van daadwerklike inligting-skakeling wat vanaf die boer op grondvlak, strukture, die polisie en intelligensie plaasgevind het. In dieselfde periode laasjaar was daar 19 plaasaanvalle, wat 3 moorde insluit, in die Vrystaat. Daar is 'n duidelike toename in plaasaanvalle teenoor laasjaar. Hierdie tydperk is vanjaar gedurende die inperkingsperiode van die Covid-19 pandemie. Die moontlike oorsaak kan wees werkloosheid, hongersnood of miskien as gevolg van verveeldheid. Daar was in 2003 ondersoek ingestel na wat die oorsaak van plaasaanvalle is. Die vier hoof oorsake het ingesluit: politiek-gedrewe, rasgedrewe, die rol van grondhervorming en gewone misdaad. Die VF Plus het in 'n onlangse parlementere debat oor plaasmoord 'n beroep op die minster gedoen om weer so 'n ondersoek te laat doen. Die bevindings van die verslag in 2003 behoort hier geïnkorporeer te word. Dit is seker dat dit nie net gewone misdaad kan wees nie weens die wreedheid wat met aanvalle en moord gepaard gaan, terwyl niks ten einde geroof word nie. Meer as 'n derde van hierdie jaar se aanvalle het plaasgevind tussen die grens van RSA en Lesotho. Onder andere was die geval van Daleen van der Hoven wat op 3 Julie in haar plaashuis by Zastron aangeval is en ernstig beseer is toe haar aanvallers haar met 'n panga teen die kop gekap het. Haar vier aanvallers het haar daarna met haar voertuig oor die Lesotho grens ontvoer waar sy in ysige toestande langs die pad gelos was. Dit is algemeen bekend dat Lesotho burgers gereeld in plaasaanvalle betrokke is. Die VF Plus verduidelik dat daar gebrekkige samewerking tussen die Suid-Afrikaanse Polisie en Lesotho plaasvind. Daar sal egter spesiale aandag gegee moet word aan die probleem gebied in die Oos-Vrystaat.






## ANITA PIENAAR HEENGEGAAN

Een van Heilbron se oud-inwoners wat diep spore getrap het, is Dinsdag, 8 September 2020 in die ouderdom van 88 jaar in Sydney, Australië in die hospitaal oorlede. Die afgelope maande het haar gesondheid agteruitgegaan en is sy in die hospitaal opgeneem waar sy in 'n koma gegaan het. Anita het by haar dogter, Annelie van Schalkwyk ingewoon, wat sowat 20 jaar gelede emigreer het.

Sy sal onthou word as die WP Hoërskool se sekretaresse wat altyd omgesien het na die kinders wat nie "lekker" voel nie. Sy was altyd reg met 'n pilletjie om die pyn te verlig. Anita was ook betrokke by die Vuurpyl VLU-tak waar sy jare as voorsitter gedien het, asook die Heilbron Tuinbouklub.

Haar eggenoot Coen en haar dogter Edna, het haar jare gelede ontval. Hy is 35 jaar gelede, ook op 8 September oorlede. Hulle is ter ruste gelê in Heilbron se begraafplaas. Met ter perse gaan was die begrafnisreëlings nog nie bekend nie.

Annelie sal onthou word as RAU se joolkoningin en lid van die jeugkoor. Sy is getroud met Jacques van Schalkwyk en het 4 kinders.

*Time Gentleman – Tom Watson*

BKB
LOUWID
FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
DONDERDAE – ROYAL AUCTION CENTRE



Vir kraalbesprekings en inskrywings
skakel Piet Boshoff : 083 210 7135
Posbus 220, Frankfort, 9830 | Tel: 058 813 1071
E-pos: frankfort@bkblouwid.co.za
www.bkb.co.za
Reg. No: 2005/026173/07
Waar sake elke keer, die eerste keer reg gedoen word!

# ANITA PIENAAR OORLEDE



Op die foto vl: Anita Pienaar en Quarta Pretorius.

• *Quarta Pretorius*

Ek neem vandag afskeid van 'n baie dierbare vriendin Anita Pienaar van Sydney, Australië. Jannie, Alida en ek het verlede jaar September die voorreg gehad om by Jacques, Anneli en Anita in Sydney te kuier. Dit was so spesiaal. Ek sien haar nou nog so staan op die balkon met die trane wat oor haar wange loop en ek wat snik soos ek huil toe ons daar wegry. Om te weet ek sien haar nooit weer nie.

My opregte meelewing met Willy, Jana en Christa Leonard, Lizette Muller en haar familie in Heilbron. Anita Leonard is in 1932 op 'n plaas in Heilbron gebore. Die oudste dogter, met 4 jonger broers. Sy het in Heilbron gematrikuleer en is later getroud met Coen Pienaar. Hulle het naby Vegkop geboer. Na Coen se afsterwe was sy lank sekretaresse by die Heilbron hoërskool. Sy het later by haar dogter en skoonseun in Sydney, Australië gaan woon, waar sy gister oorlede is. Anita het hier diep spore getrap en was baie geliefd onder ons Heilbronners. Anita jy was 'n besondere mens. Ek salueer jou.

# GEREELDE PAPSMERE KAN JOU LEWE RED

• Heilbron Kliniek

**Wat is Servikale Kanker?**

Die Serviks is die onderste deel van die mond van die uterus (baarmoeder).

Kanker van die Serviks (ook bekend as Servikale Kanker) is een van die mees algemene kankers onder Suid-Afrikaanse vroue. Dit is 'n siekte wat genees kan word indien dit vroeg opgespoor en behandel word.

**Risikofaktore vir Servikale Kanker:**

- Jy laat nie gereeld Papsmere doen nie.
- Jy neem voor 15-jarige ouderdom deel aan geslagsomgang.
- Jy het vóór 18-jarige ouderdom mondelikse voorbehoedmiddels gebruik.
- Jy of jou maat het veelvuldige seksmaats.
- Jy het 'n seksueel oordraagbare infeksie gehad.
- Jy rook.
- Jy volg 'n ongesonde dieet met min vrugte en groente.

**Wat kan jy doen om Servikale Kanker te voorkom:**

- Laat gereeld 'n Papsmeer doen.
- Hou by een seksmaat.
- Gebruik 'n spermetode voorbehoedmiddel soos 'n kondoom.

**Wat is 'n Papsmeer?**

'n Papsmeer is eenvoudig, pynloos, vinnig en skadeloos en kan deur 'n geneesheer of verpleegster gedoen word. Daar word getoets vir abnormale selle by die opening van die serviks. Hierdie abnormale selle is nie kanker nie, maar as dit nie behandel word nie, kan dit in kankerselle ontwikkel.

**Jy behoort 'n Papsmeer te laat doen as:**

- Jy al ooit geslagsomgang gehad het.
- Jy ouer as 30 is.
- Jou laaste Papsmeer enigsins abnormaal was.
- Jou dokter of klinieksuster 'n Papsmeer aanbeveel.

CERVICAL CANCER MYTHS EXPLAINED

**Myth:** Cervical cancer is very rare.

**Fact:** Cervical cancer is very common. Even though cervical cancer treatment is very effective, more South African women die of cervical cancer than any other cancer.

**Myth:** Only promiscuous women get cervical cancer.

**Fact:** The Human Papiloma Virus (HPV) causes cervical cancer. Many sexual partners increases the risk of HPV infection. Other risk factors for cervical cancer include:

• Giving birth to many children
• Sexually active at a young age
• Smoking
• Use of oral contraceptives
• Compromised immune system

**Myth:** Women over 50 don't need Pap smears

**Fact:** On the contrary - women older than 45 have a higher risk of cervical cancer and must be tested regularly.

**Myth:** Women who have had hysterectomies don't need Pap smears

**Fact:** Only if she had both her uterus and cervix removed (total hysterectomy). If cancer was the reason for the hysterectomy or, she still needs regular Pap smears.

A Pap smear is an important reliable screening test for early diagnosis of cervical cancer. CANSA encourages women to prevent cervical cancer by having a Pap smear every 2-3 years.



Op die foto vl: Jacques, Anita en Anneli (dogter) van Schalkwyk.

# PRAKTISEER AS PROKUREUR

Marike Germishuys het in Bloemfontein as 'n Kovsies student BCom Regte studeer en haar honneursgraad voltooi. Met 5 jaar se studies agter die rug, het sy in 2018 vir twee jaar as klerk onder Riaan Schutte by Cornelius en Vennote Ingelyf begin werk. Sy het vier toelatingseksamens suksesvol afgelê en kan nou as prokureur by die hooggeregshof in Bloemfontein verskyn. Sy is nou deel van die span prokureurs van Cornelius en Vennote wat nie net in Heilbron praktiseer nie, maar ook in Koppies 'n kantoor het, waarheen sy en Amanda Schutte gereeld gaan. Haar verantwoordelikheid sluit in litigasie en invordering en sy kan nou haar eie dokumente afteken. Marike is getroud met 'n welbekende boer, Simon Germishuys, en die paartjie is gevestig in die Heilbron omgewing. Sy is nie 'n gebore Heilbronner nie, maar het een geword om op trots te wees.



Op die foto vl: Sakkie en Susan Meyer, Simon en Marike Germishuys, Mari Germishuys en Simon Germishuys (Snr).



# JOHN PIERCE




In 1873, na die stigting van Heilbron, het John Pierce met 'n klein besigheid begin in Presidentstraat onder by die spruit. Dit was die heel eerste besigheid wat in Heilbron bedryf is. Later het sy besigheid verskuif na die hoek van Kerk- en Langmarkstraat, waar Ackermans vandag is. Die jong mense van vandag sal niks weet van John Pierce se winkel nie, maar almal weet waar Ackermans is. Gedurende die Anglo Boere-oorlog is John Pierce opgekommandeer en moes gaan veg, maar hy kon iemand in sy plek stuur. Dis toe dat hy 'n Kolonianer, wat destyds op besoek in Heilbron was, oorreed het om namens hom te gaan veg. 'n Vorm van 'n huursoldaat. J.J. Lombaard, die huursoldaat, is later gevang en na Diatalawakamp in Ceylon as krygsgevangene gestuur. John Pierce het gereeld maandeliks vir hom 5 pond (R10.00) gestuur en met sy orige salaris vir hom beeste gekoop en opgepas. Na sy terugkeer, het Lombaard met ongeveer 200 stuks grootvee in die pad geval na sy plaas in die Kolonie.

John Pierce was ouderling van die NG Moederkerk en was ook die skenker van die pragtige gegote yster ringmuur om die kerkgebou. Hy het dit ook jaarliks op sy koste laat verf en opknap. Die pragtige hek by Vegkop was ook 'n skenking van Pierce aan die Sportvereniging van Heilbron in 1911. Die sportgronde was destyds waar die stadsaal vandag is. Later is dit verskuif na die Rolbal- en Gholfklub. Die destydse sportliggame het die hek aan Vegkop geskenk.

Pierce moes 'n baie vermoënde man gewees het. In 1880 laat bou hy die pragtige dubbelverdieping huis in Breëstraat, wat vandag aan Willem Swart-hulle behoort. Dit is een van die mooiste geskiedkundige geboue in Heilbron. – *Quarta Pretorius*

Sy seun Jack het ook 'n baie mooi huis gehad en dit behoort vandag aan Jannie Jansen.

Na John Pierce se dood in 1920, het sy seuns die besigheid oorgeneem. In 1981 is besigheid gestaak en die perseel is aan die firma Bermoll verkoop. Dit behoort tans aan Mariaan Swanepoel.



# SPESIALE SKOOLVEILING

BKB Louwid het vanjaar ten bate van Hoërskool Heilbron 'n spesiale veiling te Royal Auction Centre in Frankfort gehou. Die 27ste Augustus kon enige verkoper met enige tipe vee deelneem aan die veiling. 'n Persentasie van die kommissie is aan die skool geskenk. Die klasse het ook teen mekaar meegeding en diegene wat die meeste vee kon werf vir die veiling het 'n prysgeld ontvang. R1500 gaan aan Graad 1B in eerste plek, tweede plek is Graad 3A wat 'n R1000 wen en in derde plek is die Matriekklas wat R500 gewen het. Die veiling was nie so suksesvol soos die vorige jaar nie en die helfte minder was ingesamel. Carika Rochat vertel dat sy glo die tyd van die jaar en die COVID-19 pandemie 'n groot invloed daarop het. Groot dankbaarheid word getoon vir BKB en elkeen se bydrae, ondersteuning en teenwoordigheid. Elke bietjie help, en die fondse sal gebruik word om die jaarlikse begroting te laat klop, weens die Revue, Donkey-derby en verskeie ander fondsinsamelingsgeleenthede nie hierdie jaar kon plaasvind nie. Dit word beplan om die veiling volgende jaar weer te hou.















# UIT DIE PEN

Ons mag al amper 'n maand lank uit die grense van ons provinsies beweeg. Danksy die toestemming van die magtige NDZ. Gelukkig gaan die virussie ons nie aanval as ons oor die grense beweeg nie, net as jy na ander lande moet reis. Dieselfde geleerde virus wat kan tel: 50 mense maksimum, geen teëpratery word geduld nie.
Saterdagoggend vat ons die pad vir 'n *road trip*. Wat sou die Afrikaans wees van *road trip*? Dit sê in elke geval nie so lekker soos die Engelse term nie.
Koeldrank, *tjippies* en vrugte vir padkos. (Padkos is 'n woord wat nie in Engels vertaal kan word nie. Hoe klink *road food* vir jou?) Toe ons uit die stadsverkeer is, draai ons die vensters oop en ruik die koelerige oggendlug. Ons vat diep asemteue.
Dis heerlik om die Vrystaatse uitgestrekte vlaktes te sien. Dit is nog maar vaal, want die lentereëns was nog nie genoegsaam om die nuwe plantlewe te laat bot nie.
Ons ry eers na 'n dorp in die Goudvelde. My goeie man behoort aan die jagtersvereniging daar en om sy lidmaatskap te behou, moet hy 'n paar keer per jaar aan skietoefeninge gaan deelneem.
Ons ry stadig deur die dorp en bekyk die verval daarvan. Die bakkie ruk omtrent uitmekaar van al die slaggate. Daar is swart asbliksakke wat op sypaadjies staan, in groot verwagting dat iemand van die munisipaliteit dit gaan kom haal. Maar helaas.
Op pad na die skietbaan kronkel die pad tussen twee dele van die township. Die erwe is netjies gevee, maar die rommel lê omtrent kniediep net buitekant die huise se heinings. Dit lê in die strate, in die spruitjies, kinders speel daarin en rondloperhonde vreet dit. Die rioolplaas ruik soos… Wel, dit ruik soos die rioolplaas. Op steroïede. Die kinders sou sê dat dit *pong*, en dit *pong* gewis.
By die skietbaan is al die vlae op, die gras is gesny en die linte wat mense uit die spervuur hou, is gespan. Die omie met die groterige pens is baie streng as iemand durf waag om sy wapen verkeerd te hanteer of om die skietarea te betree sonder sy toestemming. Wat goed is. Almal gehoorsaam die regulasies.
Eenkant is mense wat kleiduif skiet. Hier agter my is daar ooms wat met 'n groot kaliber teiken skiet. Elke geweerskoot vibreer deur my binneste. Daar anderkant is die pistoolskiet aan die gang. Voor my lê die manne aan om met die .22 te skiet.
In die hoek van my oog sien ek twee seuntjies, so 8 jaar oud. Hulle het 'n druk bespreking oor die boerdery. Die gesprek klink so:
A: "Ek wil eendag groot beeste hê."
B: "Maak hulle net osse, dan hou hulle nooit op groei nie."
A: "Ek het 'n kleinboetie gehad."
B: "Is hy hier?"
A: "Nee, ek sê mos ek het een gehad. Hy is dood toe hy 10 jaar oud was. Ek weet nie wat het nou weer daar foutgegaan nie. Hy sou nou 18 jaar oud gewees het."
B: "Het jy 'n sussie? Hulle is baie irriterend."
A: "Nee, maar ek het 'n groot boetie."
B: "Hoe oud is hy?"
A: "Hy is nou 18."
B: "Was hulle 'n tweeling?"
A: "Nee, hulle was net ewe oud."
Ek glimlag vir hulle gesprek.
Ons ry van daar af verby Merriespruit se slikdam. Ek kyk na die rye netjiese huise, en kan my vir geen oomblik indink dat alles, tot ver af in die spruit, onder modder was nie. Ek kan nie eers dink hoe dit moes lyk nie, want tans is alles netjies en skoon.
Ons ry by 'n begraafplaas verby waar daar reeds 'n hopie roubeklaers staan. Ons kry die volgende begrafnisstoet van voor af: definitief meer as 50 motors. Indien daar gemiddeld 2 mense per motor is, is daar definitief ten minste 100 persone by die teraardebestelling. *Who will guard the guards,* wonder ek by myself.
Ons verlaat die Goudveld en ry na ons Oos-Vrystaatse dorpie toe. Daar waar ons vir baie jare gebly het. Die goeie vriende by wie ons tuisgaan, is nie daar nie, maar hulle het die huis se sleutel vir ons gelos. Toe ons die ou huisie oopsluit, ruik ek die verwelkoming. Ons pak af en strek uit op 'n vars oorgetrekte bed. Met omtrent 'n duisend komberse op. Want dit is die Oos-Vrystaat.
Hulle het weer volstoom kerkdienste. Net 50 mense, gee jou naam vooraf vir die administratiewe beampte. Indien daar meer as 50 mense is, word daar twee eredienste gehou. Ons gaan na die tweede eredienys toe. Met ons aankoms moet elkeen 'n ellelange vorm invul met besonderhede soos waar jy vandaan kom, temperatuur, hoes jy of nie, is jou keel seer. Daarmee saam kry elkeen 'n Bybelvers vir die week. Die koster hardloop met sy blou sproeibottel van bank na bank om alles te ontsmet voordat die tweede diens se gemeentelede mag inkom.
Ek en my vriendin verskaf die kerkmusiek. Ons speel vier liedere vir voorafsang: ek met die klavier en sy met haar klarinet. Ek wonder hoekom niemand saamsing nie totdat ek onthou dat die inperkingsregulasies steeds bepaal dat die gemeente nie tydens die erediens mag sing nie. Die dominee begin met 'n gebed en votum, en ek hardloop met my skoenlose voete om die kerk, op met 22 trappies, af met 9 trappies totdat ek op die galery agter (of is dit voor?) die groot kerkorrel sit. Die heerlike klanke vul die pragtige sandsteenkerk. Die dominee kondig die twee lofsange aan. Soos een in Gees en Waarheid staan die ongeveer 40 mense op en sing luidkeels saam. Elkeen in sy of haar eie masker.
Ek glimlag behaaglik terwyl ek na die stemme luister, want dit voel of ek weer huis toe gekom het. Ons tuisdorp vir baie jare het weer hulle arms en die kerkdeure vir ons oopgegooi. Te midde van die aaklige inperking het ons 'n voorreg om steeds te kan aanbid, saam met ander.
Al is dit 1,5m van mekaar af, met maskers aan.

# WEEK VIER-EN-TWINTIG

# PHILIP SPIES OORLEDE



Philip is gister op sy 48ste verjaarsdag na 'n kort siekbed oorlede. Hy was vroeër die week opgeneem by die Hoogland Medi-Clinic hospitaal in Bethlehem en gediagnoseer met pankreatitis en septisemie.
Philip sal onthou word as vissersvriend en boer van die Heilbron omgewing. Hier was hy ook jare gelede 'n prokureur.
Hy oorleef sy moeder Ansie, en laat na sy vrou, Jolande Spies, en dogters Chanelle, Megan en Nienke.
Innige simpatie aan sy familie en vriende.



# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk,**
**Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 • Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Celéste** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Jeanne** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Silma** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerant, advertensies) • **Silma** marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**


Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.

# WEERVOORSPELLING

| | | |
|---|---|---|
| Sa 11 Sept. | 8 / 27 | Sonnig |
| So 12 Sept. | 9 / 25 | Sonnig |
| Ma 13 Sept. | 11 / 25 | Sonnig |
| Di 14 Sept. | 10 / 27 | Sonnig |
| Wo 15 Sept. | 9 / 29 | Sonnig |
| Do 16 Sept. | 10 / 25 | 65% kans vir donderbuie |
| Vr 17 Sept. | 11 / 25 | 42% kans vir oggendbuie |

**POSTNET HEILBRON**
Maandae - Vrydae:
08:00 -16:30
*Elsstraat 42*
*HEILBRON*
*Tel:*
*058 853 0006*

**AANKOOP VAN SPEENKALWERS**
Aankoop van alle speenkalwers.
**Kontak Jannie Bornman**
**072 287 4111 • Heilbron**



**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wen-akkers. Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191 peerlandhandel@gmail.com**
**R**

**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
**Kontak Evert Kleynhans 072 018 3685 Heilbron**
**R**




# SMALLS

# EIENDOMME

**VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME**
Vir die beste transaksies en diens
Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

# DIENSTE

**Andries Muller**
**072 447 7446**
**Vrystraat 23, Heilbron**
**Ou Heilbron Betonwerke se gebou**
MILLING • KEYWAYS
ALGEMENE DRAAIWERK
MEGANIESE HERSTELWERK

# KENNISGEWINGS

**KENNISGEWING AAN DEBITEURE EN KREDITEURE**
**Registrasienommer van boedel:** 001389/2020
**Van:** Claasen
**Voorname:** Cornelis Johannes
**Identiteitsnommer:** 400730 5020 084
**Laaste adres:** Huis Bron-van-Heil w/s 22, Heilbron
**Datum oorlede:** 9 Februarie 2020
**Meesterskantoor:** Bloemfontein
Skuldeisers in bogenoemde boedel word versoek om hulle vorderings in te lewer en skuldenare om hulle skulde te betaal by die ondergetekende binne **30** dae vanaf **11 September 2020.**
**Get. G Small**
**GERDA SMALL PROKUREURS**
**WATERSTRAAT 22**
**PARYS, 9585**
**TEL: 056-8176026**
**VERW: G SMALL/V184**

**NOTICE TO DEBTORS & CREDITORS**
In the Estate of the **LATE MAPONDINYANA ELIZABETH KHIBA,** Identity Number: 530527 0658 089, in life married in community of property, to **RAMATHETSO PAULUS KHIBA,** Identity Number: 541107 5508 089, residing at Erf 1439 Phiritona, district Heilbron, Province Free State, who died on 12 July 2020,
**Estate Number: 4984/2020.**
All persons with a claim against the above mentioned estate must submit it to the Executor within 30 (Thirty) days from the date of publication.
Signed at Heilbron on the 11 September 2020.
**(Get) AA SCHUTTE**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET**
**P.O BOX 205**
**HEILBRON, 9650**

**NOTICE TO DEBTORS & CREDITORS**
In the Estate of the **LATE ALETTA LOUISA SCHEEPERS,** Identity Number: 351113 0037 081, in life unmarried, residing at Huis Bron-van-Heil, District Heilbron, Province Free State, who died on 18 July 2020,
**Estate Number: 5105/2020.**
All persons with a claim against the above mentioned estate must submit it to the Executor within 30 (Thirty) days from the date of publication.
Signed at Heilbron on the 11 September 2020.
**(Get) AA SCHUTTE**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET**
**P.O BOX 205**
**HEILBRON, 9650**

**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**




Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

**VERFWERK**
***Ek doen die volgende in die dorp of op plase:***
**Verf van dak:** Seel, nuwe balke.
**Verf:** Binne & buite. Herstel krake, "Putty"-werk en meer....
Ek waarborg deeglike en netjiese werk.
Skakel gerus.
**Skakel Chris Tel: 073 362 4855**
**K0726**

**Sperdatum vir artikels en advertensies vir die Heilbron Herald is Woensdae om 10:00.**
Elsstraat 44 • Heilbron • Tel: 058 852 3033

**WINKELURE:**




**Maandae - Donderdae**
07:30 tot 17:00
**Vrydae:**
07:30 tot 16:30
**Saterdae**:
09:00 tot 13:00
Elsstraat 44 • Heilbron
Tel: 058 852 3033

# TE HUUR

**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense. Sluit in volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
***Hannalie Claassen 079 040 0531***
**G**

Raak deel van ons lekker-lees gemeenskapskoerant en stuur vir ons jou foto's van mylpale wat bereik is, asook ander aktiwiteite. Ons plaas dit graag. Vir enige nuus wat jy graag met die lesers wil deel, skakel Silma 083 363 6553.

GiG Technologies (Pty) Ltd
Jenny Wireless Internet
Adriaan: 072 840 4495 Estian: 074 279 6993



## GEMEENSKAPSNUUS

# BLOUBUL EET NIE VAN DIE GROND AF NIE...

Met 'n traan van verlange dink ek aan oupa Dup met sy Ford 5000 wat sy morge omgekeer het om mielies vir die winter staan te maak – sy mowwe moet die winter deurmaak en die melkkoeie moet ook daardie ietsie bykry sodat die "separator" kan sing.

Ja, die buurman, oom Daantjie, het die "separator" al singende gedraai – in die begin het hy geneurie "Prys die Heer" en sodra die spoed opgetel het, het hy oorgeskakel na "Perdeby jy moet jou neukery laat staan"!

Dit was die jare voor "Melk is Melk" die wagwoord geword het en die boer en sy werkers geleef het van die tjekkie wat die Ko-operasie maandeliks in sy posbus gestuur het. Ai, vandag is daar nie meer melkboere oor nie en al wat oorbly is 'n Poskantoor wat se diens ook nie eintlik meer bestaan nie – die tjekkie sou in elk geval seker twee maande laat gewees het.

Die Ford 5000 was seker daardie jare 'n winskoop teen R3600 – dit is nou 50 jaar later. Ontmoet onlangs een van Ford se "grootkoppe" van daardie tydperk en hy reken hulle moes darem die prys bietjie hoër gemaak het. Hulle sou in elk geval nog 'n topverkoper gehad het. Vandag is 'n gebruikte Ford 5000 nog beskikbaar teen sowat R70 000.

'n Stukkie geskiedenis van Hoopstad – 'n boer, oom Koos Jooste, het in die sewentiger jare op een slag 50 Ford 5000 trekkers gekoop teen 'n koste van R180 000.00. Dit was 'n merkwaardige dag toe al 50 trekkers in Hoopstad se hoofstraat gestaan het.

'n Ford trekker TT75 met gelykstaande kW teen vandag se koste beloop sowat R265 000. Vandag betaal 'n boer seker R13 250 000 vir 50 trekkers. Sou die boer groot 200 kW trekkers TA8330 met dieselfde kW van 50 trekkers koop, sal hy bykans 13 trekkers moet koop teen R2 500 000 stuk. Dit beloop R32 500 000.

Oom Koos Jooste was 'n merkwaardige boer wat begin het deur lande te huur en so goed vooruitgegaan het dat hy later sy eie grond gekoop het. Hy het baie jare later 16 000 ha geploeg en voerkrale gehad met 13 000 beeste.

*Time gentlemen*
*Tom Watson*



*Oom Koos Jooste neem in Hoopstad se hoofstraat besit van die 50 trekkers en word gelukgewens deur Henning van Aswegen, die Ford handelaar. Boeta Michiel wat die besonderhede met my gedeel het, se gesig het gestraal van verlange toe hy so ver oor die weste staar waar die son elke dag sak. Kan nie besluit of die verlange huiswaarts of trekkers is nie!*









**Sperdatum vir artikels en advertensies vir die Heilbron Herald is Woensdae om 10:00.**

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033














## DISCOVER THE KIDNEYS
**NATIONAL KIDNEY AWARENESS WEEK 2020**

### WHAT ARE KIDNEYS:

**Your kidneys are 2 small bean-shaped organs in your body with extremely important functions. You only get one pair of kidneys therefore it is very important to protect them! Kidney disease is fairly common and it can lead to death. The good news is that in most cases kidney disease can be prevented through a healthy lifestyle!!!**

### WHAT DO THEY DO:

- Controls the body's fluid balance based on your needs
- Produces very important hormones (e.g.for BP regulation)
- Removes waste products from the body (from food, medications, toxic substances)
- Filtration of the blood multiple times in a day
- Produces urine from the waste that is removed
- Eliminates certain minerals when your body doesn't need it
- Activates vitamin D
- Maintains bone health

### WHAT CAN CAUSE KIDNEY DAMAGE:

- Uncontrolled high blood pressure (hypertension)
- Uncontrolled high blood sugar (diabetes)
- Smoking and excessive alcohol
- Obesity
- Unhealthy eating
- Regular self-medication (like anti-inflammatory/ pain medication)
- Using excessive amounts of substances like drugs or protein powder
- Severe dehydration (low intake, nausea, vomiting, diarrhea, bleeding)
- Other diseases like lupus or glomerulonephritis

FEZILE DABI DISTRICT - DIETTICS SERVICES

# KENNISGEWINGS • KENNISGEWINGS

### NOTICE TO DEBTORS & CREDITORS

In the Estate of the **LATE RAMATHETSO PAULUS KHIBA,** Identity Number: 541107 5508 089, in life unmarried, residing at Erf 1439 Phiritona, district Heilbron, Province Free State, who died on 20 July 2020, **Estate Number: 4981/2020.**
All persons with a claim against the above mentioned estate must submit it to the Executor within 30 (Thirty) days from the date of publication.
Signed at Heilbron on the 11 September 2020.
**(Get) AA SCHUTTE**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET**
**P.O BOX 205**
**HEILBRON, 9650**

### NOTICE OF LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNT LYING FOR INSPECTION

In the Estate of the **LATE BELINAH NKETLE,** Identity Number: 630404 0641 086, in life married in community of property, to **SIMON THABO NKETLE,** Identity Number: 580325 5779 086, living at Erf 2003, Phiritona, district Heilbron, 9650, Province Free State,
**Estate Number: 672/2020.**
Hereby notice, in accordance with Article 35(5) of Act 66 of 1965, that the First and Final Liquidation and Distribution Account will be available for inspection for a period of 21 days from date of publication in the office of the Master of the High Court Bloemfontein and in Heilbron Magistrate Court.
If no objections are lodged with the Master in the said period, the Executor will proceed to the payment in accordance with the said account.
**(Get) AA SCHUTTE**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET**
**P.O BOX 205**
**HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2035**

### NOTICE TO DEBTORS & CREDITORS

In the Estate of the **LATE MATHESE SAMUEL TSOTETSI,** Identity Number: 500309 5524 087, in life unmarried, residing at 423 Mamafubedu, district Petrus Steyn, Province Free State, who died on 26 July 2020,
**Estate Number: 4810/2020.**
All persons with a claim against the above mentioned estate must submit it to the Executor within 30 (Thirty) days from the date of publication.
Signed at Heilbron on the 11 September 2020.
**(Get) AA SCHUTTE**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET**
**P.O BOX 205**
**HEILBRON, 9650**

### NOTICE TO DEBTORS & CREDITORS

In the Estate of the **LATE DAWID STEPHANUS BRITS,** Identity Number: 460621 5017 088, in life unmarried, residing at No 21 Pierce Street, District Heilbron, Province Free State, who died on 2 August 2020,
**Estate Number: 5002/2020.**
All persons with a claim against the above mentioned estate must submit it to the Executor within 30 (Thirty) days from the date of publication.
Signed at Heilbron on the 11 September 2020.
**(Get) AA SCHUTTE**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET**
**P.O BOX 205**
**HEILBRON, 9650**

## WINKELURE:

MAANDAE - DONDERDAE
07:30 tot 17:00
VRYDAE:
07:30 tot 16:30
SATERDAE:
09:00 tot 13:00

Elsstraat 44 • Heilbron
Tel: 058 852 3033


## Heilbron Car Wash (next to Spar)
**Mon-Fri 8:00-17:00 Sat 8:00-13:00**

| | Hatch, SML vehicle | Sedan, Single cab, MED vehicle | Cab & half | Double cab, SUV, LRG vehicle | Vito, Taxi, Quantum, XL vehicle |
|---|---|---|---|---|---|
| Wash & Go | R20 | R30 | R35 | R40 | R60 |
| Wash & Dry | R35 | R40 | R45 | R50 | R75 |
| Wash, Dry & Vacuum | R45 | R50 | R55 | R60 | R95 |
| Full House | R60 | R80 | R100 | R120 | R150 |
| Engin Clean | R30 | R35 | R40 | R40 | R50 |
| Leather Treatment | R40 | R40 | R30 | R50 | R70 |
| Polish | R300 | R350 | R350 | R400 | R500 |

HERALD

# PIETER OOK NOU DEEL VAN MUG BENDE

Die afgelope naweek is September se maandbeker gespeel met uitdagende gholf. Heilbron Gholfklub se tesourier, Pieter van Staden, se potlood was eenvoudig net te skerp en wen hy sy eerste maandbeker met 'n netto van 70, gevolg deur Tommy Watson 71, Jackie Leonard 72 en Wiam Rautenbach 73.

Dubbelputjiespel is goed op dreef. Gerrie Muller en Eben Stander wen vir Edmund Els en Jaco Lombaard 15/6 en die voorlopers Wiam Rautenbach en Jackie Leonard wen Johan Nelson en Willie Pretorius 20/8.

Die volgende borgdag is CANSA-dag op 26 September. Noord-Vrystaat gholfliga het dit goed gedink om die jaarlikse instelling te behou, aangesien die nasionale CANSA-dag gekanselleer is as gevolg van COVID 19. Heilbron, Frankfort, Vrede, Harrismith, Reitz, Bethlehem, Kestell en Clarens sal op hul tuisveld onder bepaalde A,B,C en dames afdeling kompeteer en die wenners sal dan die finaal op Clarens speel.

Heilbron Gholfklub spog ook een van die dae met nuwe "groomer" wat die setperkte op internasionale standaarde sal plaas!

Wat die Joker Draw aanbetref, is hy nog steeds soek. Die bedrag staan tans op R16 030.00

Interessante Gholf Feit:

Die kanse om twee "hole-in-ones" oor 18 putjies te slaan is een uit 67 miljoen - Gerrie Muller



*Op die foto vl: Tommy Watson, Pieter van Staden, Wiam Rautenbach en Jackie Leonard.*

# BEGIN VAN NUWE ROLBALSEISOEN

So saam met die lente wat uiteindelik sy opwagting gemaak het, was dit ook die begin van die nuwe rolbalseisoen en ook weer tyd om die algemene jaarvergadering te hou en 'n nuwe bestuur te kies.

**Die rolbalklub het Donderdag 3 September vergader en die bestuur vir 2021 is soos volg: Voorsitter:** Gerald Rademeyer; **Visevoorsitter:** Terence Cunningham; **Sekretaresse:** Hannalie Claassen, **Tesouriere:** Carina Kleynhans; addisionele lede is Suzie van der Westhuizen, Judith Joubert en Johan Greyling.

Alhoewel die nuwe rolbal jaar op hierdie stadium nog effens wankelrig blyk te wees weens die nagevolge van Covid 19 en die inperkings, is die bestuur van voornemens om steeds die beste te doen vir die klub en vir die sport.

Tydens die algemene jaarvergadering is Ernst Bieske ook welverdiend gekroon as die mans enkelkampioen.

Die afgelope Saterdag is daar ook weer goeie rolbal gespeel en was dit veral besonders toe vier vriende van oorkant die Renosterrivier kom deelneem het aan ons kompetisie, nl. Coenie en Katie Marx en Arend en Catrien Koekemoer. Die samesyn het ook weer die herinnering gebring van die jaarlikse dorp-teen-dorp kompetisies tussen Koppies en Heilbron. Ongelukkig is dit so dat met tyd sommige dinge verander en weens omstandighede uiteindelik op die rak beland.

Aan die einde van die dag se spel het Coenie Marx en Petro Habig as wenners uit die stryd getree.

Met die lekker warm lenteweer is die baan reeds in 'n mooi toestand en word daar uitgesien na 'n genotvolle nuwe rolbalseisoen.



*Op die foto vl: Gerald Rademeyer en Ernst Bieske.*



*Op die foto vl: Petro Habig en Coenie Marx.*







## BKB Louwid NOORD

### Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 14 AUGUSTUS 2020**

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

**DINSDAG - 15 SEPTEMBER 2020**

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Rudy vd Westhuizen 079 418 4289

VEREENIGING Weeklikse veiling.
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

AMERSFOORT: DUBBEL X SAVM
115 SAVM skape
11:00, Schuilplaas, Amersfoort
Kontak Erik Heymans 083 264 5177

**WOENSDAG - 16 SEPTEMBER 2020**

**STEYNSRUS: JOUBA BONSMARAS**
Top Bonsmara beeste
11:00, Somerset-Oos, Steynsrus
Kontak Rudy vd Westhuizen 079 418 4289

**KROONSTAD: PRO-GENEPOEL SAVM**
210 Top SAVM skape
11:00, Randjieslaagte, Kroonstad
Kontak Karel du Plessis 082 826 3244

**DONDERDAG - 17 SEPTEMBER 2020**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Bertus Linde 079 679 1718

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Rudy vd Westhuizen 079 418 4289

**CLOCOLAN: WAF TRUST (Waterval Angus)**
25 Bulle en 20 verse
11:00, Waterval, Clocolan
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855

**VRYDAG - 18 SEPTEMBER 2020**

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Paul de Bruyn 079 882 1138

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

**SATERDAG - 19 SEPTEMBER 2020**

STANDERTON: 17DE OOSTELIKE
ILE DE FRANCE KLUBVEILING
Top Ile de France skape
11:00, Standerton skougrond
Kontak Erik Heymans 083 264 5177

BKB LOUWID

**www.bkb.co.za**
**BKB Louwid NOORD 2005/026173/07**
**Posbus 220, Frankfort, 9830**
**Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317**
**e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za**